

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM 2018/06/22		DATUM 2018/06/21		+ - LAST WEEK 2018/06/11		BY DIE GELD PUIT OPSIE				
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data		WM	YM		
DJIA-index	24462	-196.10	-0.8%	24658	-3.4%	25317	JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 076.00	R 2 183.00		
Goud (Spot)	1264.86	0.32	0.0%	1264.54	-2.2%	1293.37	PUT TREFPRYS	R 2 080.00	R 2 180.00		
Brent \$/vat	72.99	-0.88	-1.2%	73.87	-4.4%	76.36	PUT PREMIE	R 20.30	R 18.26		
1 € / US\$	1.1632	0.01	0.7%	1.1554	-1.5%	1.1808	MINIMUM SAFEX PRYS	R 2 059.70	R 2 161.74		
1 US\$ / ZAR	13.55	-0.180	-1.3%	13.73	-3.8%	13.05					
Corn	R 1 915.03	7	0.4%	R 1 908.04			*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day				
Wheat	R 2 621.82	119	4.7%	R 2 503.29			*CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day				
Soybeans	R 4 407.21	-43	-1.0%	R 4 450.62			*CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day				
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.	MIELIE UITVOERE			
Corn Jul 18	359.00	6.00	1.7%	353.00			7	WM	YM	TM	
Wheat Jul 18	526.60	30.40	6.1%	496.20			WEEK TOTAAL	4 612	80 030	84 642	
Soybeans Jul 18	885.20	3.00	0.3%	882.20			JTD TOTAAL	69 172	328 753	397 925	
PLAASLIKE MARKINLIGTING							Invoerpariteit	UITVOERBAAR			
SORGHUM Jul '18	3110.00	0.00	0.0%	3110.00		3774.00	2079.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	4%	13%	10%
WMAZ Spot	2065.00	7.00	0.3%	2058.00		4054.00	1950.00	TEMPO/WEEK BENODIG	32 907	47 250	80 157
WMAZ Jul 18	2076.00	8.00	0.4%	2068.00		3426.00	1950.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Sep 18	2139.00	8.00	0.4%	2131.00		3478.00	2007.00	WEEK TOTAAL	265 391	494 954	760 345
YMAZ Spot	2168.00	13.00	0.6%	2155.00		3426.00	1950.00	JTD TOTAAL	902 712	1 581 214	2 483 926
YMAZ Jul 18	2183.00	7.00	0.3%	2176.00		3426.00	1950.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810
YMAZ Sep 18	2235.00	9.00	0.4%	2226.00		3478.00	2007.00	% GELEWER VAN OES	14%	27%	20%
SOY spot	4355.00	28.00	0.6%	4327.00		6441.00	4384.00	TEMPO/WEEK BENODIG	148 026	113 944	261 970
SOY Jul 18	4370.00	17.00	0.4%	4353.00		6440.00	4373.00	KORING INVOERE			
SUN May 18	4648.00	16.00	0.3%	4632.00		6438.00	4905.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM	
SUN Jul 18	4668.00	18.00	0.4%	4650.00		6438.00	4905.00	WEEK TOTAAL	1 033 828	-	18 080
WHEAT May 18	3978.00	1.00	0.0%	3977.00		4258.00	3938.00	JTD TOTAAL	1 434 968	555 242	1 058 307
WHEAT Jul 18	3990.00	3.00	0.1%	3987.00		4412.00	4095.00	TOTAAL BENODIG	1 930 000	930 728	1 622 999
WHEAT Sep 18	4076.00	34.00	0.8%	4042.00		4960.00	4646.00	JTD AS % VAN BENODIG	74%	60%	65%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.55/\$ en het aansienlik versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die rand het gister skerp onder druk gekom en het verswak tot vlakke van net onder die R14/\$ nadat die SARB se kwartaallike bulletin nie gunstig was nie. Die tekort op die lopende rekening het baie vergroot en was vir die eerste kwartaal van 2018 op 4.8% van die BBP. Dit is die grootste tekort op die lopende rekening sedert die eerste kwartaal van 2016 toe dit op 4.9% van die BBP was. Die plaaslike ekonomie is tans op verskeie plekke onder geweldige druk wat en daar sal drastiese veranderinge moet plaasvind om die ekonomie om te draai sodat die groei weer gestimuleer kan word. Die VPI syfers wat Woensdag bekend gemaak was, was laer as wat die algemene verwagtinge in die mark en was op 4.4% gerapporteer vir Mei vanaf die 4.5% in April.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel met verslae dat oormatige reën in sommige gedeeltes van die VSA se produksie gebiede oorstrooming veroorsaak het. Die ondersteuning vir die dag was egter beperk met die swakker as verwagte uitvoerverkope syfers vir die week. Die weeklikse mielie uitvoerverkope wat gister deur die USDA gerapporteer was, was op 505 000 ton gerapporteer wat beide ou en nuwe seisoen verkope insluit. Dit was aansienlik laer as die weeklikse handelsverwagtinge. Die uitvoerverkepinge vir die week was egter gunstig en was op 1.028 miljoen ton gerapporteer, maar was ook minder as die gemiddelde weeklikse tempo wat benodig word om aan die jaarlikse USDA skatting te voldoen. Japan was die grootste ontvanger van Amerikaanse mielies vir die week. In ander internasionale nuus word die EU se invoere op ongeveer 35% hoër gerapporteer as dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. Suid Korea se sterk aankope duur steeds voort en het weer ongeveer 61 000 ton se mielies aangekoop op 'n internasionale tender vir lewering einde Oktober. Sjina het ongeveer 1.4 miljoen ton se staatsreserwe mielies verkoop op 'n veiling wat ongeveer 36% van die totaal op die veiling verteenwoordig. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister weer onder druk gekom en het die spanning met die handelsdipsute tussen die VSA en China eis steeds sy tol op veral die Amerikaanse sojaboonmark. Die sojaboon uitvoerverkope vir die week was op 530 000 ton gerapporteer wat beide ou en nuwe seisoen verkope insluit. Die verkope vir die week was ongeveer 'n 3de laer as verlede week se uitvoerverkope en dit was ook laer as die weeklikse handelsverwagtinge. Die kumulatiewe uitvoere vir die seisoen tot dusver het egter die USDA se jaarlikse skatting vir die 2017/18 seisoen oorskry. Die Amerikaanse uitvoerverkepinge is op 1.17 miljoen ton gerapporteer vir die week met Nederland wat die grootste bestemming vir die uitvoere was. In ander internasionale nuus word die EU se sojaboon invoere vir die seisoen op 4% laer as verlede seisoen gerapporteer terwyl die sojaboonmeel invoere na die EU 3.5% hoër as verlede seisoen is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringpryse het momentum verkry met die aankope van eindgebruikers wat in die VSA gesien is. Ander internasionale faktore soos die weersomstandighede in Rusland wat tans nie gunstig is vir die produksie nie, veroorsaak dat sommige bekommernisse oor die Russiese koring produksie vir die seisoen ook steun aan die Amerikaanse mark verleen. Die nuutste weeklikse Amerikaanse uitvoerverkope verslag wat gister bekend gemaak was het aangetoon dat die weeklikse uitvoerverkope in lyn was met die algemene handelsverwagtinge teen 461 600 ton. Die Russiese koring produksie vir die seisoen word op 67,4 miljoen ton geskat, wat ongeveer 21,5% laer is as die 2017 rekord produksie. Die EU-koring uitvoere het op 19 Junie 19 miljoen ton bereik. Dit is sowat 18% laer as verlede jaar teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

